**SAAMPRAATPAPIER** **23 OKTOBER 2016**

1. **DEEL met mekaar** hoe dit gaan: gemoed, gesondheid, werk, algemeen.

2. **GEE GENOEG TYD OM SAAM TE BID: bid vir reën, en dank die Here** vir al die reën reeds geval**;** Bid ook vir die **onrus** in die land rondom die universiteite en studente.

3. **LEES:** Lukas 15: 1-2 en dan vanaf vers 11 en verder.

4. **DEEL MET MEKAAR:** Wat staan uit vir jou/wat spreek jou aan tov die **jongste seun en sy Pa.**

5. **DEEL MET MEKAAR:** Wat staan uit vir jou/wat spreek jou aan tov die **oudste seun en sy Pa** (vanaf vers 28; sien teks hieronder)**.**

6. **DEEL MET MEKAAR** (die wat vrymoedigheid het): **Soos wie voel jy op die oomblik?** Soos die jongste seun, of soos die oudste seun? Hoekom?

7. **PRAAT SAAM:** Wie van die jongste en oudste seun het die meeste genade ontvang in hierdie verhaal? Wie het die meeste genade nodig?

8. **DINK SAAM**: Wie van die 2 seuns het dit reggekry om die meeste genade by hul Pa te “verdien”?

28 *“Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom;*

29 *maar hy antwoord: ‘Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie.*

30 *Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag!’*

31 *“Toe sê die pa vir hom: ‘Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune.*

32 *Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.’ ”*